

Donderdag 2 September

Skrifgedeelte: Titus 1:3-4	Fokusgedeelte: Titus 1:3-4
----------------------------	----------------------------

Die regte tyd

Titus was 'n Griek wat onder die bediening van Paulus 'n gelowige geword het. Dit het juis deur die prediking van Paulus gebeur – die prediking waarvan hy nou aan Titus skryf.

Ons lees dat Paulus by geleentheid vir Titus na die gemeente in Korinte gestuur het om te gaan help met probleme wat hulle ondervind het (2 Kor. 7, 8). Hy het ook saam met Paulus gereis na Jerusalem (Gal. 2:3). Hulle was ook saam in Kreta en Paulus het hom daar agtergelaat om sekere take in die gemeente te verrig.

Paulus skryf nou juis die brief aan hom om met die bediening te help. Dit gaan oor die bekendmaking van die Woord. Die bestemde tyd of die regte tyd het aangebreek, wat beteken dat dit nou is. Soos wat hy vir Timoteus ook gesê het: hou aan tydig en ontydig met die verkondiging van die Woord. Dit is die Woord van verlossing. Die Woord kom van God ons Vader en Jesus Christus – hulle is beide ons Verlosser.

Ons bely dat die Woord van die Here die fondament en middelpunt van die kerk is, want daarin gaan dit oor God en sy groot reddingsdade in Jesus Christus. Ons moet dus altyd waak dat ander dinge in die kerk nie belangriker word as die Woordverkondiging nie. Dit is en bly die grootste taak van die kerk en elke volgeling van Jesus Christus.

Daarom beteken dit dat ons voortdurend ons sal verdiep in die Woord, nie net deur dit te lees nie, maar veral toe te laat dat die Here deur die Heilige Gees en die Woord met ons sal werk om ons te vorm en te bemagtig om draers van sy Woord te wees. Wanneer die Here so met ons praat – sy Woord aan ons bekendmaak – is dit die regte tyd om die Woord uit te dra en uit te leef.

Sing: Skrifberyming 14-3:4

Ds. E Naudé (Emile) (Boksburg)